



Publication		
VOLKSBLAD SAKE24		
Page	Date	AVE (ZAR)
13	Mon 23 Apr 2018	14958.31



KRAGKOOP-METERS SE Y2K

Aksieplan ‘sal gou gereed wees’

Mense sal moontlik nie hoef te betaal

Francois Williams

'N Aksieplan om alle voorafbetaal-kragmeters in Suid-Afrika voor 2024 aan te pas met nuwe sagteware sal teen die derde kwartaal van vanjaar gereed wees.

Dit behoort die verbruiker ook niks te kos nie, belowe Don Taylor, direkteur van die Standaarddoordrag-spesifikasievereniging (STSA), die organisasie wat in 1997 gestig is om standaarde te verseker in die bedryf wat voorafbetaal-kragmeters verskaf.

Taylor gaan op Africa Utility Week van 15 tot 17 Mei in die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum meer breedvoerig uitwei oor dié veldtog om alle voorafbetaal-kragmeters van nuwe veiligheidskodes en sagteware te voorsien.

Dit is omdat die enkripsiestelsel wat in 1993 in Suid-Afrika ontwikkel is vir voorafbetaal-kragmeters en wat vandag wêreldwyd gebruik word, teen 2024 verstryk.

Taylor verduidelik die bewysidentifikasie van 24 syfers wat gebruik word in elke bewyskode wat 'n verbruiker kry wanneer hy vooraf elektrisiteit koop, bereken is as die getal minute wat verstryk het sedert 'n datum in 1993 toe Suid-Afrika aanvanklik die tegniese standaarde vir voorafbetaal-meters vasgestel het.

Die bewysidentifikasie het 'n beperkte reeks syfers om mee te werk en dit sal teen November 2024 opraak.

Die geheue van elke kragmeter moet dan skoongegee word



Don Taylor, direkteur van die STSA, die Suid-Afrikaanse vereniging wat toesig hou oor die tegniese standaarde vir voorafbetaalde kragmeters. Die STSA is in 1997 gestig. Die stigterslede was Eskom, Conlog, Itron en landis+Gyr.

en 'n nuwe stel syfers wat van 2014 af bereken is, sal dan gebruik word.

In 'n vraag-en-antwoord-sessie met Taylor het hy dit só verduidelik:

Waarom is die stelsel só ontwerp? Hoekom is dit nie so ontwerp dat dit nie nodig is om elke 31 jaar 'n opknapping te doen nie?

Ons het twee mededingende opsies gehad vir die bewysidentifikasie: 'n opeenvolgende nommerstelsel of 'n stelsel volgens tydverloop.

In 1993 was die meeste verkoopspekte wat bewyskodes verkoop, nie aan die internet verbind nie, en dit het beteken die opeenvolgende nommerstelsel sou nie uitvoerbaar gewees het nie.

Die sinchronisasie van opeenvolgende nommers tussen verskillende verkoopspekte was uiters problematies.

Daar is dus toe besluit op die tydgegronde stelsel. Die twee beperkings hier was dat ons net plek gehad het vir 24 syfers vir die identifiseerder in die totale 66-syferkode en dat ons 'n gepaste tyd-tussenpose moes kies.

Omdat die verkoopspektstelsel in daardie jare meestal nie aanlyn was nie, was die risiko groot dat twee bewyskodes met

presies dieselfde identifiseerder op dieselfde tyd verkoop sou word as die tussenpose te lank is. Daar is besluit 'n minuut is gepas.

Dit het 'n totale tydperk van 31,9 jaar gegee vir die leeftyd van bewysidentifikasienommers.

Die ander kwessie was die veiligheidsvlak van die enkripsie. Die krag van 'n enkripsiekode neem mettertyd af weens die verwerkingskrag van rekenaartegnologie wat bykans elke vyf jaar verdubbel. Ons het die tydperk van 31,9 jaar geag as voldoende beskerming vir die leeftyd van die enkripsiekode, so ons sou in elk geval nou die veiligheidsvlak van die stelsel moes opgradeer.

Die veldtog sluit dus benevens die herset van die meters ook 'n verandering van die enkripsiekode in wat albei voor November 2024 gedoen moet word.

Wat sal dit kos en wie dek die koste? Ek is skepties, want ek het onlangs gehoor van verbruikers wat ingelig is dat hulle vir nuwe voorafbetaal-kragmeters moet betaal omdat die oues uitgedien is. Dit lyk asof daar dus reeds gewetenlose metervervaardigers en munisipaliteite is wat die veldtog kan beskou as 'n ge-



'n Voorafbetaal-kragmeter van die verskaffer landis+GYR, een van die stigterslede in Suid-Afrika van die STSA.

rieflike geleentheid om ekstra inkomste te skep, bykans dieselfde as met die Y2K-histerie in die aanloop tot 1 Januarie 2000.

Daar is twee koste-elemente. Eerstens moet alle verkoopspekte wat voorafbetaal-elektrisiteit verkoop, gemoderniseer word na die jongste STS600-spesifikasie sodat hulle die oorgang en die verwante enkripsiekode-verandering kan doen.

Uiteindelik sal die nutsmaatskappy (die munisipaliteit wat elektrisiteit verkoop of Eskom) die koste hiervan moet dra.

Tweedens moet die kodeverandering by elke kragmeter gedoen word. Hier kan die munisipaliteit of Eskom besluit om spesiale spanne uit te stuur om na elke meter te gaan, of alternatiewelik kan die kodeverandering-bewys aan die verbruiker uitgereik word wanneer hy sy volgende kragkoopbewys gaan koop.

In laasgenoemde geval sal die kragkoopbewys die nuwe meterkode hê en sal hy eers die kodeverandering-bewys moet intik voordat hy sy nuwe krag-

koopbewys kan gebruik.

Daar sal altyd opportuniste wees wat die situasie vir eie gewin wil uitbuit, maar in beginsel sal bestaande voorafbetaal-meters nie deur nuwes vervang hoef te word om die kodeverandering te doen nie.

Dit verg slegs 'n besoek aan die meter om die kodeveranderingsbewys in te tik.

Daar behoort dus geen koste vir die verbruiker te wees nie.

Hoeveel meters word geraak en wat is die STS-tegnologie se internasionale marktaandeel? Hoe gaan julle almal help om betyds oor te skakel?

Ons skat daar is wêreldwyd sowat 50 miljoen voorafbetaal-kragmeters wat die STS-tegnologie gebruik en dit kan teen einde 2024 tot 70 miljoen groei.

Ek raai STS-meters maak sowat 50% van die internasionale mark vir voorafbetaal-kragmeters uit.

Die STSA het 'n taakspan gevestig om die volgende steun aan alle STS-gebruikers te bied:

■ Die skep van kommunikasiekanale met alle gebruikers deur die internet, bedryfsmedia, sosiale media en regstreekse kontak.

■ Die skep van 'n besprekingsforum op die internet waar gebruikers vrae kan vra en antwoorde en riglyne kry oor die veldtog kan kry.

■ Die opstelling en verspreiding van kommunikasiemateriaal aan verbruikers; en

■ Die voorsiening van 'n hulplyn vir verbruikers.

“Ons berei bogenoemde nog voor en behoort reg te wees om dit teen die derde kwartaal van die jaar te kan bekend stel,” sé Taylor.

■ Taylor is een van die sprekers op Africa Utility Week, 'n konferensie vir die elektrisiteitsbedryf, wat van 15 tot 17 Mei in die Kaapstad Internasionale Konferensiesentrum gehou word. Die STSA sal ook 'n stalletjie by die konferensie hê.

Meer inligting oor die konferensie is op AfricanUtilityWeek.com te kry.